# SEËN ALLES WAT GOD IN JOU HANDE PLAAS

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

**SKRIFVERWYSING IN HIERDIE LESING:**

**Efésiërs 2:6 en saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus,**

**Hebreërs 13:20 Mag die God van die vrede, wat die groot Herder van die skape, naamlik onse Here Jesus Christus, deur die bloed van die ewige testament uit die dode teruggebring het,**
**Hebreërs 13:21 julle volmaak in elke goeie werk, om sy wil te doen, deur in julle te werk wat welbehaaglik is voor Hom deur Jesus Christus aan wie die heerlikheid toekom tot in alle ewigheid! Amen.**

-o0o-

Goeiedag almal.

Ek seën elkeen in die naam van Jesus Christus.

Vorige lesings het gegaan oor **Toewyding** en waarom dit so belangrik is om myself aan die Here toe te wy.

1. Wat is die geestelike betekenis van toewyding en hoekom moet ek dit doen?
2. Hoekom is dit so belangrik dat ek dit elke dag van my lewe moet toepas?
3. Hoekom moet dit 'n fisiese aksie word en ek moet nie net aanvaar dat ek 'n toegewyde offer is nie?

Toewyding is egter 'n geloof- en profetiese aksie waar jy vir God wys dat jy daarin glo.

Jesus kon net sowel vir die blinde gesê het: *Ek spoeg in die grond en Ek meng nou die grond en die Gees en sit dit op jou oë.* (Johannes 9:6) Nee, nee, nee! HY het dit fisies gedoen. Jesus het die Vader gewys hoe HY daarin glo. Jesus Christus het alles fisies gedoen en daarom moet ek en jy dit ook fisies doen. 'n Fisiese reaksie is iets wat ons nog nie gesien het nie maar waarin ons glo, want dit is geloof.

- Geloof is iets waarin ons glo wat nog nie gebeur het nie, maar ons maak dit 'n realiteit. (Heb 11:1)
- Ons roep die dinge wat nie bestaan nie, asof dit bestaan, want dan sal ons die fisiese sien.
- Ons bring die geestelike aarde toe; ons bring die saad van die Vader aarde toe.
  - Ons doen dit fisies en sal dan die vrug sien.
  - Nou is ek toegewy.

**Maar wat van dit wat God rondom my geplaas het?**

Onthou nou, ek het dinge rondom my waarvoor ek verantwoordelik is. Soos byvoorbeeld .... my huwelik, my vrou, my voorbidder (intersessor), my kinders, my kleinkinders, my pa en ma, my familie, my werk kollegas, my huis, my grondgebied, die lugruim bo my grondgebied, die grond en die waters onder my grondgebied, my finansies, my tyd, my alles wat die Here in my hande geplaas het.

-o0o-

Ek wil net weereens onderstreep dat dit baie gevaarlik is om te nomineer/uitsonder (nominate). Met ander woorde om een ding te nomineer - om een ding uit te sonder - om 'n ding by die naam te noem. Spreek dus in die algemeen, soos God weet. Dit gaan oor jou hart.

### 1. DAAGLIKSE TOEWYDING

Die eerste ding wat ek in die oggende doen, is om myself vir die dag aan die Here toe te wy. En ek doen dit elke dag! Ek glo dit is een groot geheim wat die Here my geleer het en moontlik ook die groot sukses wat ons in hierdie Bediening het. Dit is juis as gevolg van die toewyding wat ons al vir jare doen.

### 2. VERANTWOORDELIKHEID

Wat nou verder?

Ek is nou toegewy; ek is nou gelukkig; alles gaan nou oor myself.

Nee mense, jy het 'n verantwoordelikheid rondom dit wat in jou hande geplaas is, want onthou, 'n huwelik kan nie homself toewy nie; jou kar kan homself nie toewy nie; niks kan homself toewy aan die Here nie, want dit is in JOU hande geplaas.

- Nou sit ek in hemelse plekke saam met Christus. Uit daardie plek, onder die beskerming van die salwing wat op ons is, funksioneer ons nou af aarde toe.
    - Ons is nou al uit onder die besprinkeling van die bloed. Ek hoef myself nie meer te besprinkel met die bloed nie want ek is al in die groei proses. Ja, die bloed is daar vir beskerming maar ek hoef nie elke dag daardie ritueel deur te gaan nie, want ek is nou in 'n plek waar ek sit in hemelse plekke saam met Christus.

### 3. GEESTELIK VOLWASSE

Ek het nou volwassenheid in die Gees bereik.

- ✓ God kan my nou begin gebruik.
- ✓ Die krag van die Heilige Gees kan oor my kom en ek kan uitgestuur word vir dienswerk van die heiliges.
- ✓ Nou is die salwing wat op my rus, my beskerming.
- ✓ Ek sit saam met Christus in hemelse plekke en Hy gebruik my op aarde vir sekere take met die salwing as my beskerming. Hebreërs 13:21 ... julle volmaak in elke goeie werk, om sy wil te doen....

### 4. DIE PAKKET

In hierdie daaglikse pakket, is alles in ons lewe opgesluit wat ons nodig het om vandag die doel te bereik wat God in ons hande geplaas het.

Wat moet ek daarmee maak?

As ek dit nie in die eerste plek ontvang nie, bly dit op die rak. Hulle kan vandag vir jou 'n Pick & Pay koopbewys (voucher) van 10 miljoen Rand gee om inkopies te doen. Die koopbewys is niks werd nie - dit is 'n stuk papier. Die koopbewys gee jou net die reg om te gaan haal wat vir jou beplan is om te bekom.

Dit is presies wat ek en jy moet doen. Ek en jy moet steeds elke dag ons daaglikse brood by die Here gaan haal. Die volk moes in die oggend uitgaan om die manna buite die laer te gaan soek en dit optel (Exodus 16). God het nie in die môre vir elkeen 'n bakkie met manna gegee nie. Ek en jy moet ook elke dag ons daaglikse manna by die Here gaan haal.

Nadat ek myself in die oggende toegewy het aan die Here, gebruik ek en Eleanor nagmaal saam.

- Elke môre gaan haal ek ons daaglikse manna by die Here.
- Dan sê ek: *Here, nou ontvang ek ons daaglikse brood en wy dit toe aan die Here*.

-o0o-

- Daarna dank ek die Here wat Hy vandag vir my gegee het en ek wy nou alles aan die Hom toe.
- Dit wat die Here in hierdie eenheid vandag gesit het, ontvang ek nou as koning, priester en profeet en wy dit aan die Hom toe.

## 5. VERSKEIE SEËNBEDES
### 5.1 Aardse Besittings

- <u>Eerstens</u>, neem ek dit wat aards is en alles wat die Here my gegee het, saam met my na die Here toe, omdat ek in Sy naam in hemelse plekke kan gaan.
- Dan sê ek; *Here, hierdie is nie meer my goed nie. Alles wat U gegee het* ...
  - Moet nie uitsonder (nominate) nie, gebruik die woord ALLES. Alle goeie gawes kom van die Here af. Alles wat die Vader vir my gegee het, vat ek na die Here toe.
    - Mense kan ook vir my goed gegee het; hulle kan verskuilde agendas hê - dit kan van die duiwel af kom. Satan is slinks, hy bly geslepe en hy bly die vyand. Hy wil vir ons struikelblokke in die pad lê.
- Spreek die woorde wat gespreek moet word, reg uit. "*Vader, alles wat U vir my gegee het, sê ek vir U dankie en ek wy dit vanmôre aan U toe".*
- Met ander woorde; ek gee dit alles aan die Here in Sy hande terug. Die Here bly die eienaar daarvan. Ek ontvang alleenlik rentmeesterskap/bestuurskap daarvan onder leiding van die Heilige Gees, sodat die Heilige Gees vir my sal help om alles te bestuur in die wil van die Vader; sodat die koninkryk uitgebrei sal word, die liggaam opgebou en die Vader verheerlik word. Alles wat God aan my gegee het, is nou ten volle toegewy aan die Here.

Moet dit nie nou verder kompliseer nie. Hou dit so eenvoudig moontlik.

### 5.2 Huwelik

<u>Tweedens</u> seën ek ook vanmore my huwelik met my bruid, my vrou en ons wy ons huwelik aan die Here toe. Sodat die huwelik altyd die aroma en die lieflike geur sal versprei en die voorbeeld sal dra van 'n huwelik wat uit God is.

### 5.3 Eggenoot

<u>Derdens</u> wei ek my vrou, my bruid, my voorbidder (intersessor) aan die Here toe. Die vrou wat ek liefhet. Ek maak 'n openbare verklaring daarvan en ek wy my vrou aan die Here toe en ek bid vanmôre vir gesondheid, krag, sterkte, seëninge, leiding, raad, sterkte en alles wat sy mag nodig kry om die plekke te vervul wat die Here wil hê sy moet vervul vir haar lewe.

- Eerstens dat sy haar plek as voorbidder (intersessor) volkome sal vervul,
- Tweedens sy is die ma van ons huis en 'n moeder en grootmoeder van die bloedlyne,
- Derdens is sy die moeder van die Bediening en die
- Vierde plek wat sy okkupeer, is die Vrou in die Samelewing.

Dit sal verskil van persoon tot persoon. Byvoorbeeld, jou vrou mag dalk 'n besturende pos beklee. Elkeen se situasie verskil. Seën jou vrou daardie plekke in; spreek haar

in daardie outoriteit in. As koning, priester en profeet lig jy jou vrou daardie plekke in. Dit is belangrik mense!

Ons kan net geseënd wees op twee maniere:

- As ons die wil van God vervul. Met ander woorde, as ons die Skrifte vervul wat God geskryf het en dit is nie so maklik nie.
- OF ons kan mekaar seën, maar dan moet ek en jy in 'n posisie wees, waaruit ons kan seën. Ek kan nie net loop en seën nie. In wie se naam seën ek? Nie in my eie naam nie - my naam het mos nie krag nie. Ek moet eers sorg dat ek in 'n plek kom vanwaar ek daardie gesagsposisie, die reg het om in die naam van die Here te kan seën.

-o0o-

Kan julle sien, mens kan nie kortpaaie vat nie. Dit is miskien 'n lang verduideliking maar uiters belangrik. Ons sal dit moet begin leer en toepas. Dit moet 'n lewenswyse wees.

### 5.4 Familie

- Verder seën ek ook ons geestelike moeder, ouma Geraldine. Vir gesondheid, wysheid, krag, kennis en leiding sodat sy haar rol op aarde kan vervul vir hoe lank sy nog hier kan wees.
- Ek seën ons familie en vriende, ons kinders en kleinkinders. Ek roep hulle by hul name. Baie belangrik dat die name wat God hul gegee het tot vervulling kan kom in hulle lewe.
- Dan seën ek ook ons geestelike kinders. Ek bid vir hulle behoeftes in hul huise, leiding deur God se Gees en dat God se Gees hulle sal help en beskerm. Ons is die geestelike ouers van hierdie huis en ons moet sorg dat die huise geseënd is.
- Ons bid ook vir ons Bediening, vir hierdie huis. Dat God hierdie huis sal bewaar, dat die Here die huis sal skoon hou en dat die Here ons sal help om die roeping te vervul en in al ons behoeftes sal voorsien.

### 5.5 Regering en Leiers

- Ons bid vir ons land Namibië, dat God ons land sal bewaar en dat die Here ons land sal beskerm. Dat ons land die doel sal bereik wat God vir ons land wil hê. Ons bid vir die mense wie raadsbesluite moet neem vir die toekoms van ons land, dat dit altyd in die wil van die Here sal wees. Maar as iemand buitekant die wil van God wil gaan, in hierdie land wat ons aan die Here toegewy het, dat God hom sal verwyder. Dat God sy bose werke sal openbaar en dat die Here hom sal verwyder vanuit sy posisie. Dat die Here manne en vroue sal aanstel wat die Here tot diens sal wees.
- Ons bid ook vir geestelike leiers wat in die wil van die Here is. Jy kan nie net vir geestelike leiers bid nie - wat van die toordokters en tradisionele leiers? Hulle is ook geestelike leiers. Dié wat in die wil van die Here is. Dat die Gees van God met hulle sal wees, hulle sal bewaar en sal beskerm en help. Deur altyd vars manna in hul hande te plaas.
- Ek bid ook vir die diensknegte daar buitekant in die veld, vir die vreemdelinge in die poorte en ook vir die wat vir ons kwaad is.  Baie belangrik. Jy weet nie wie almal vir jou kwaad is nie. Bid maar vir almal wat vir jou kwaad is.

### 5.6 Personeel

- Ons bid vir ons werkers en almal wat vir ons help in ons fisiese lewe, om ook hul beste diens vir ons te lewer.
    - Mense dit is baie belangrik; jy kan nie vir jou werksmense in die oggend bid en hulle seën in die naam van die Here en dan later loop en vloek nie. Dit werk ongelukkig nie so nie. Ek het dit al hoeveel keer gekry. Mense seën hul werkers maar die oomblik wanneer die persoon hulle kwaad maak, dan vloek hulle die mense, omrede jy nie demoniese magte gebind en hulle beperk het tot die gebied nie.
        - Ek sien dit veral met plaasboere. Daardie werkers het demone in hulle. Jy kan dit nie afkeer nie, hulle is daar. Maar as jy toelaat dat hulle jou plaas en lewe versuur, is dit jou saak. Regtig, dan is dit jou saak!
    - Ek het hierdie goed vir julle geleer; die demone is wel daar, die demone bly in hom maar ek beperk dit tot die area waar hy mag bly. Daardie demone bly die oggend by die werkershut (*kaia*) agter wanneer die werker werk toe kom. Daardie demone mag nie daarvan wegkom nie. So werk dit by enige besigheid. Dieselfde geld vir julle werksmense, laat die demone by die huis bly. Hulle kom nie by jou werk in nie.
- Besprinkel jou deurposte met die bloed (druiwesap). Daarom kan jy die bloed gebruik. Die bloed is daar vir jou om te gebruik, nie om jou te beskerm nie. Die salwing is daar om jou te beskerm. Die bloed word gebruik om die vernietiger (destroyer) uit te hou. Besprinkel jou werksplekke met die bloed. Besprinkel jou plaas met die bloed. Beperk die mag van die duiwel. Hy is daar, hy het wettiglike reg in daardie persoon. Jy kan hom nie uitdryf nie want hy is wettiglik in sy plek. Die demoon bly in sy (die werker se) liggaam. Jy mag hom nie uitdryf nie. Maar jy mag

die demoon beperk om nie daardie werker te gebruik om jou werk te beïnvloed nie. In alle omstandighede bly die demoon agter by die werker se die huis en hy kom nie by jou werksplek in nie. Jy seën jou werkers se hande sodat hulle die beste werk vir jou lewer.

  - Dit is baie belangrik mense, doen die ding reg en jy sal 'n verskil in jou lewe begin sien.
  - Sien julle hoe belangrik is toewyding? Jy kan nie 'n kortpad vat nie, volg die stappe. Maak vir jou 'n opsomming daarvan en begin die dinge reg te doen. Jy sal die verskil soos in môre oggend al begin sien. Spandeer tyd hieraan en doen die ding reg.
  - Dit is belangrik om jou werksmense te seën maar ook om die magte van die bose te bind en verhoed om op jou grondgebied te kom. Die plek wat hulle wettiglik okkupeer, daar bly hulle. Maar hulle kom nie op jou grondgebied nie. Hulle mag ook nie met jou werksmense se werk inmeng nie.

- Seën die werkers wat in jou hande geplaas is, seën hulle hande en spreek dat hul werk altyd na die beste van hul vermoë sal wees, en dat die engele van God hulle sal help. Moet nie jou werkers vervloek nie. Dit is nie hulle nie, dit is die bose magte. Hou die bose magte uit jou grondgebied en jy sal 'n gelukkige eienaar wees.

Mense, dit is wat ek vir julle kan gee, dit is iets wat die Here op my hart gelê het.
- Begin om die geestelike dinge reg te doen.
- Begin by jouself. Begin by Jerusalem, dan Judea, dan Samaria en dan tot die uiters van die aarde.
- As jyself nie toegewy is nie, kan jy nie toewy nie.
- Vra die Here om heiligmaking.

Die Here seën elke oor wat hoor wat die Gees van die gemeente sê.
Laat dit met julle goed gaan en mag God verheerlik word deur julle lewe.

-o0o-

## BYKOMENDE SKRIF VERWYSINGS

**Hebreërs 11:1** Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.

**Johannes 9:6** En toe Hy dit gesê het, spuug Hy op die grond en maak klei van die spuug en smeer die klei aan die oë van die blinde man

Johannes 9:7 en sê vir hom: Gaan was jou in die badwater Silóam, wat vertaal word: Uitgestuur. En hy het gegaan en hom gewas; en hy het siende teruggekom.

**Efésiërs 2:4** Maar God, wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur sy grote liefde waarmee Hy ons liefgehad het,

Efe 2:5 ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus—uit genade is julle gered—

Efe 2:6 en saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus,

Efe 2:7 sodat Hy in die eeue wat kom, kan betoon die uitnemende rykdom van sy genade in goedertierenheid oor ons in Christus Jesus.

**Hebreërs 9:22** En byna alles word met bloed gereinig volgens die wet, en sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie.

Heb 9:23 Dit was dus nodig dat die afbeeldinge van die dinge in die hemele deur hierdie offers gereinig moes word, maar die hemelse dinge self deur beter offers as hierdie.

Heb 9:24 Want Christus het nie ingegaan in 'n heiligdom met hande gemaak, 'n teëbeeld van die ware nie, maar in die hemel self om nou voor die aangesig van God vir ons te verskyn;

Heb 9:25 ook nie om Homself dikwels te offer, soos die hoëpriester elke jaar in die heiligdom ingaan met bloed wat nie sy eie is nie,

Heb 9:26 want dan moes Hy dikwels gely het van die grondlegging van die wêreld af. Maar nou het Hy een maal in die voleinding van die eeue verskyn om die sonde deur sy offer weg te doen.

Heb 9:27 En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel,

Heb 9:28 so sal Christus ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid.

-o0o-